

31 Mei 1964

HERTZOGPRYSWENNER LEROUX LEES GRAAG STROKIESPRENTE



Etienne Leroux

SUID-AFRIKA se Hertzogpryswenner vir prosa 1964 is 'n boer wat baie van strokiesprente hou. Hy lees selde sy werke deur nadat hulle verskyn het en sê dat die skrywer dikwels onnosel is oor sy skeppings.

Etienne Leroux boer met skape, saadaartappels en dies meer so-wat sewe myl van Koffiefontein af op die plaas „Janee”. Hy is 'n seun van oud-minister S. P. Leroux en is getroud met 'n skilderes.

Sy vrou, wat skilder onder die naam René le Roux, het gesê dat haar man baie van strokiesprente en films hou. Met films het sy blykbaar bedoel tekenfilms.

Mnr. Leroux self het egter gesê dat hy hoofsaaklik met skryf en lees besig is — waarvan die duisende boeke in hul huis getuig. Volgens mnr. Leroux, kan die skrywer nie altyd die beste oordeel oor sy eie werk nie.

Hy is in werklikheid onnosel in dié opsig. Die kritikus het 'n beter oordeel en hier verwys

mnr. Leroux in sonderheid na die nuwe Afrikaanse letterkundige kritici, onder wie ook 'n paar van die ouer kritici tel.

Mnr. Leroux sê sy boerdery en sy skryfery bots nie. Dit is aktiwiteite op twee heel verskillende vlakke wat mekaar glad nie oorvleuel nie. Hy kan byvoorbeeld met sy boerdery besig wees en terselfdertyd dink aan 'n karakter in sy nuwe skepping.

Hoewel hy gemiddeld twee jaar aan 'n roman werk, skryf hy slegs sowat twee maande daaraan. Hy dink lank oor sy tema en doen baie opleeswerk. Hy vra ook baie mense uit oor aspekte wat hy in sy werk wil opneem.

Byvoorbeeld mnr. Dirkie de Villiers, inspekteur van skolesang in die Vrystaat uitgevaar oor die eienskappe van die fuga en toe 'n hoofstuk in „Sewe dae by die Silbersteins,” sy bekroonde werk, genoem „Fuga vir geestelike herbewapening.”

Net Saans

Mnr. Le Roux skryf net saans van ongeveer halftien tot 1 vm. („As ek in die bed is,” sê sy vrou.) Hy kan in geen ander plek skryf as in sy klein, rustige studeerkamer nie, hoewel dit soms baie koud raak daar.

Van ander skryfwerk (briewe en dies meer) hou mnr. Leroux glad nie en as die roman klaar is en gepubliseer word, dan lees hy dit gewoonlik nie behoortlik oor nie.

Hy kyk net watter aksentverskuiwing daar in die werk gekom het as gevolg van die tipografie, dan vergeet hy feitlik van die werk, kry dit uit sy gestel en begin dink aan 'n nuwe tema.

Hy sê dat hy altyd iets wegsteek in sy werke. Dit is die leser se taak om die skat op te spoor. Terselfdertyd sê hy dat die kritici soms meer in sy werk kan lees as wat hy bedoel het.